

# gala evening 2009

phatshoanehenney
ASSOCIATED FIRMS

# Overview

The Phatshoane Henney Group of Associated Law Firms, founded by Bloemfontein law firm Phatshoane Henney inc., has in a four year period established itself as the largest association of law firms in South Africa, currently comprising 24 law firms across 8 provinces, with more than 34 offices and over 215 attorneys, standing as a first for the legal profession in South Africa.

To celebrate the growth of the group and the group initiatives of 2009, the group held its annual gala evening on Friday 9 October at the Woodlands Function Venue Hall in Bloemfontein.

The evening was attended by 180 guests including guest speaker, previous economist of the year and economist from Economist.co.za, Mr Mike Schussler, Deans of Law Faculties, representatives of L.E.A.D, Standard Bank, ABSA Bank, Nedbank, Investec, First National Bank, Citadel, Citadel Trust, Glenrand MIB, Vodacom, Blackberry, BEE Rating Solutions, Korbitec, Law Active, media representatives, and representatives of group member firms.

The evening involved a key note address by Mr Mike Schussler regarding the Global and South African economy as well as the state of the Professional Services industry; the presentation of the Group Annual Report for 2008/9 by Group Chair, Me Violet Phatshoane; the presentation of group awards by ABSA, BEE Rating Solutions, First National Bank, Investec, Nedbank and Standard Bank to group firms; and a donation by the Phatshoane Henney Foundation to the !Xun children's group from the Northern Cape.



From left: Mr Douglas Henney, Director Phatshoane Henney inc, Me Violet Phatshoane, Chair of the Phatshoane Henney Group and Mr Mike Schussler, economist from Economists.co.za






*The Phatshoane Henney Group Gala Evening of 2009 achieved its goal of celebrating another year in the group's history and providing a valuable marketing platform and networking opportunity for group sponsors and strategic partners to interact with the group and demonstrate their support of the group.*

***Marketing our brand***


NEDBANK
Date
Datum
09/10/2009
Pay
Betaal
!Xun Kinders Dansgroep
or bearer
of toonder
Amount
Bedrag
Tiendusend Rand Alleen
R 10 000
phatshoanehenney
FOUNDATION

# The Evening

The group annual gala evening was held at the beautiful Woodlands Venue Function in Bloemfontein. The festivities commenced with a performance by the *!Xun Children's Dance Group* from the Northern Cape followed by a donation to the !Xun group by Mr Douglas Henney, on behalf of the Phatshoane Henney Foundation.

A key note address by well known economist, Mr Mike Schussler of Economists.co.za, kicked off the formalities for the evening. In his address, Mr Schussler highlighted the state of the global economy, emphasizing that world economic indicators were predicting a recovery and in particular the recovery of the American economy in the coming months. In respect of the South African economy, Mr Schussler emphasized that although the South African economy was lagging behind the global economy, leading indicators were showing signs that the road to recovery had commenced, but warning that it would still take several months before reaching normalization. Reflecting on the professional services industry, Mr Schussler noted that this sector had been particularly hard hit in the preceding months, but that even this sector was starting to show signs of recovery, with good signs of recovery by 2010 showings and normalization predicted by 2011.

Following Mr Schussler, Me Violet Phatshoane, Chair of the Phatshoane Henney Group, provided her annual report for the year 2008/9. In her overview of the year she commented that 2009 had seen a direct focus by the group on developing and enhancing strategic relationships with important service providers and financial institutions to create potential new avenues of revenue generation for firms and provide opportunities for the reduction of firm cost structures. She remarked that this focus had been successful, with existing partnerships with Standard Bank, Nedbank and Investec continuing to add value to member firms and new strategic partnerships with Glenrand MIB, Vodacom and Korbitec coming to fruition and also benefitting




*In her annual report, group chair, Violet Phatshoane, highlighted the group vision and strategic intent for 2010 and confirmed that the group would continue to focus on growing the group strategic relationships as well as expanding the group to urban centers not yet represented by a group firm in the coming year.*

***The vision for 2010***



Mr Mike Schussler presenting his key-note address on the state of the global and South African economy.

member firms. Additionally she remarked that interest in the group remained high and boded well for new firm prospects during 2010, confirming the national awareness and brand strength of the group as the largest association of law firms in the South African legal fraternity.

To finalise the proceedings, Mr Douglas Henney, Director at Phatshoane Henney inc., conducted the awards ceremony with the following awards being presented to group law firms:



***ABSA Certificate of Achievement*** *in recognition of the exceptional contribution made towards BEE appointments at the firm during 2008/9. Awarded to Pretoria law firm,* ***Van der Merwe du Toit inc****.*



***BEE Rating Solutions Certificate of Achievement*** *for the law firm achieving the highest BEE verification score by a group firm in 2009. Awarded to Bloemfontein law firm,* ***Naudes inc****.*



***First National Bank Certificate of Achievement*** *for the law firm with the highest volume of registrations in rand value for period 1 August 2008 to 31 July 2009, best average registration turn-around time and highest business pipeline. Awarded to Port Elizabeth law firm,* ***Greyvensteins inc****.*



***Investec Certificate of Achievement*** *for the exceptional contribution made to Investec Cash Manager System during 2009. Awarded to Pretoria law firm,* ***Van der Merwe du Toit inc****.*



***Nedbank Certificate of Achievement*** *for the best average balances on the Nedbank Corporate Saver for the last 6 months. Awarded to Port Shepstone law firm,* ***Barry Botha Breytenbach inc****.*



***Standard Bank Certificate of Achievement*** *for the exceptional contribution made to the Standard Bank Third Party Fund Administration system during 2009. Awarded to Port Elizabeth law firm,* ***Greyvensteins inc****.*

# Kopsorge met verkeerswet kan só aangepak word

Antoinette Slabbert, Pretoria

Die probleme met die toepassing van die Wet op Administratiewe Beregtiging van Padverkeersmisdrywe (Aarto) kan betyds opgelos word sodat die wet volgende jaar, ná die Wêreldbeker-sokkertoernooi, landwyd toegepas kan word.

Só sê mnr. Ranthoko Rakgoale, uitvoerende hoof van die padverkeersbestuurskorporasie (RTMC), wat die wet administreer.

Dít volg nadat die forum van metropolisiehoofde 'n beroep gedoen het op mnr. Sibusiso Ndebele, minister van vervoer, om die huidige loodsprojekte in Pretoria en Johannesburg te verleng en die uitbreiding daarvan landwyd eers op die lange baan te skuif.

*Sake24* het vroeër berig dat Ndebele nietemin wil deurdruk met die landwye toepassing van die wet volgende jaar.

■ Volgens Rakgoale is een van die huidige knelpunte dat die inligting van die munisipale verkeerstelsel oor watter boetes uitgereik is, nie onmiddellik by eNaTIS uitkom nie.

Dít veroorsaak byvoorbeeld dat 'n boete op 'n ander plek betaal word voordat dit op die eNaTIS-stelsel bestaan en die stelsel dus nie weet waarheen om die geld te stuur nie.

Pogings word tans aangewend om die twee stelsels deurlopend met mekaar in kontak te plaas en moontlike oplossings sal dié week op 'n vergadering oorweeg word. Só 'n skakeling tussen die twee stelsels sal die wetstoepassers volgens Rakgoale in staat stel om bestuursverslae uit die stelsel te kry oor oortredingspatrone, sodat hulle wetstoepassing daarby kan aanpas.

■ Hy ontken die metropolisiehoofde se bewering dat beamptes nog nie volgens die wet aangestel is om vertoë aan te hoor nie.

■ Tans is Eerste Nasionale Bank die enigste bank by wie boetebetalings dadelik in eNaTIS registreer. Dít veroorsaak dat betalings by ander banke, wat binne die toegelate 32 dae gedoen is, eers later op eNaTIS registreer. Die RTMC beplan vergaderings met ander banke om dít reg te stel.

■ Volgens die metropolisiehoofde is daar groot verwarring onder verkeersowerhede, die polisie en regsgeleerdes oor hoe ernstige misdrywe soos dronkbestuur ingevolge Aarto gehanteer moet word. Rakgoale stem nie daarmee saam nie, maar sê 'n tegniese komitee werk saam met die hooflanddros van Pretoria om haakplekke en onduidelikhede op te los. Indien nodig, sê hy, sal wetswysigings gedoen word voor die wet landwyd toegepas word.

■ As 'n oortreder nie sy verkeersboete betaal nie, loop die Aarto-proses uit op 'n beslaglegging op sy roerende eiendom, wat verkoop word om dié skuld te delg. Rakgoale bevestig dat balju's nog nie ingevolge die wet aangestel is om dit te doen nie..

## 10 000 sterftes

vind plaas as gevolg van padongelukke op Suid-Afrikaanse paaie.




# Krygkor se Samil-projek kry nou rigting

Erika Gibson, Pretoria

Krygkor se omstrede projek om die weermag se Samil-vragmotors teen meer as R3,2 miljard te vervang, gaan hopelik ná vandeesweek rigting kry.

Dié projek is twee jaar gelede gevries weens dreigende hofsake deur mededingers. Krygkor moes ook ná 'n tugverhoor van die span- en die programbestuurder van die projek die twee om verskoning vra omdat hulle verkeerdelik die skuld vir 'n verlies van R12,2 miljoen gekry het toe die projek skeefgeloop het.

Projek Vistula behels die aankoop van sowat 1 200 nuwe vragmotors en sloer reeds jare.

Mnr. Sipho Thomo, uitvoerende hoof van Krygkor, het verlede week in 'n onderhoud met *Sake24* gesê die projekspan het pas met lt.genl. Solly Shoke, hoof van die leër, en sy span vergader.

"Genl. Shoke het bepaalde wysigings en bykomende behoeftes tot die oorspronklike spesifikasies. Hulle het vandeesweek vergader om te bepaal watter van dié behoeftes binne die toegelate begroting moontlik gaan wees. Ons sal dán 'n beter prentjie hê van hoe om met die projek voort te gaan," het Thomo gesê.

Hy het ook bevestig dat geen van die vorige mededingers om die kontrak tot regsaksie oorgegaan het nie. "Ons het DaimlerChrysler uitdruklik gevra of dit waar is dat hy regstappe gaan doen en hy het dit ontken."

Die projek is tydelik gestaak nadat die evaluasieproses van die drie tenderaars op die kortlys al in November 2005 afgehandel en tot op hoogste vlak goedgekeur is.

'n Anonieme klagtebrief oor gebreke in die proses het daarna tot drie forensiese ondersoeke gelei. Twee het geen gebreke gevind nie, terwyl die derde wel foutgevind het.

Die twee bestuurders, mnre. Jan Venter en Flippie van der Walt, is toe van nalatigheid in die uitvoering van hul pligte aangekla en omdat Krygkor R12,2 miljoen aan regs- en kansellasiekoste verloor het.

Die mans is onskuldig bevind.

DaimlerChrysler en MAN se vragmotors was die twee topmededingers. Met die toetsing van die voertuie is daar na bewering bykomende aspekte getoets wat nie deel van die oorspronklike spesifikasies was nie.

Eersgenoemde se voertuie was weer byna R600 miljoen goedkoper as die volgende mededinger.

Volgens Thomo sal sy span eers ná vandeesweek se vergadering meer duidelikheid hê wanneer daar met 'n volgende ronde tenders voortgegaan kan word.

# Ekonomie se groen lote kort nog baie water en kunsmis

Vida Booysen, Bloemfontein

Dit is dalk nou 'n goeie tyd vir Suid-Afrikaanse maatskappye om opnuut na beleggingsmoontlikhede in die res van Afrika te kyk, sê mnr. Mike Schüssler, ekonoom van Economists.co.za.

Hy het tydens die bekendstelling van die nasionale netwerk van regsfirmas, Phatsoane Henney, se jaarverslag in Bloemfontein gesê Afrika word toenemend belangrik vir Suid-Afrikaanse ondernemings ná die baanbrekerswerk wat deur mynmaatskappye, selfoonnetwerke en kleinhandelaars soos Shoprite Checkers gedoen is.

"Die tweede golf van beleggings in Afrika sal waarskynlik uit die sakedienstesektor kom," voorspel hy en wys daarop dat Afrika 'n groot behoefte aan professionele verskaffers van finansiële dienste soos ouditeurs en rekenmeesters het.

"Hou ook in gedagte dat hoe meer Suid-Afrikaanse maatskappye na die res van Afrika uitbrei, hoe groter word hul behoefte aan finansiëlediensteverskaffers in die lande waar hulle sake doen."

Oor die stand van die wêreldekonomie het Schüssler gesê sakevertroue het verbeter in die meeste ontwikkelde lande en die eerste groen lote van ekonomiese herstel begin gesig wys.

"Die groen lote benodig nog baie water en kunsmis – maar hulle groei minstens."

Hy waarsku egter dat die herstel in die wêreldekonomie nie "eenrigtingverkeer boontoe" beteken nie.

Verskeie regerings besnoei op hul ekonomiese aansporingspakkette en minder geld vloei na fiskale herstel.

Die wêreldherstel laat ook hoop vir die Suid-Afrikaanse ekonomiese herstel opvlam.

Die land moet net besef dat Suid-Afrika ná die res van die wêreld in 'n resessie inbeweeg het en dat dit dus langer sal duur om op die herstelpad te kom, sê Schüssler.

Nie alle sektore van die ekonomie is ewe erg deur die resessie getref nie. Kosverkope is byvoorbeeld minder erg geraak as die verkope van duursame goedere soos meubels en motors.

Die eiendomsmark het egter deurgeloop soos gesien kan word aan die skerpste daling sedert 1986 in die aantal bouplanne wat goedgekeur is.



Die gala-aand van die Phatsoane Henney-groep van geassosieerde prokureursfirmas in Bloemfontein is deur verskeie gaste van regoor die land heen bygewoon. Van links mnr. Douglas Henney, direkteur van Phatsoane Henney Ingelyf, me. Violet Phatsoane, direkteur en voorsitter van die Phatsoane Henney-groep, mnre. Mike Schüssler, ekonoom van Economists.co.za en Jan Berry, direkteur van Phatsoane Henney. Foto: GERHARD STEENKAMP

"Die eiendomsmark het begin terugbons, maar ons is nog nie in 'n positiewe gebied nie en ek verwag dat dit nog 'n tydjie sal duur voor die mark sal herstel." Dit het ook 'n negatiewe uitwerking op die sakedienstesektor waar byvoorbeeld akteprokureurs die afgelope maande aansienlik minder sake gedoen het.

Die goeie nuus is egter dat die Suid-Afrikaanse leidende ekonomiese aanwyser, 'n vooruitskouende meetinstrument, aandui dat die Suid-Afrikaanse ekonomie binne 6 tot 12 maande in 'n baie beter toestand sal wees.

Laer rentekoerse en hoër staatsbesteding aan infrastruktuurprojekte blyk die regte medisyne te wees om die ekonomie aan te help.

"Daar sal weer goeie tye wees om te geniet. Hulle sal dalk nie vinnig kom nie, maar ons sal almal die voordele voel wanneer hulle wel intree," het Schüssler gesê.

## Jou Geldsake

# 3 soorte koste is belangrik in aftree-proses

Aftrede is seker een van die mees emosionele tye in enige mens se lewe.

Dit is hier waar jy moet afskeid neem van dit waaraan jy die afgelope 30 of 40 jaar die grootste deel van jou dag gewy het.

Soos by enige ander emosionele gebeurtenis gaan aftrede ook gepaard met die neem van belangrike besluite wat 'n wesenlike invloed op jou lewe vorentoe kan hê. Dit is daarom uiters noodsaaklik dat jy jouself deeglik vergewis van al die opsies en keuses gedurende die proses.

Ons almal se doel met ons aftreegeld is dat dit soveel as moontlik moet groei om sodoende te verseker dat ons lewenstyl en kontantvloeiprojeksies soos beplan in latere jare gehandhaaf kan word.



**Geldwys**
Johan Borcherds

Daar is in wese twee primêre faktore wat 'n invloed uitoefen op die toekomstige groei van 'n belegging, naamlik die koste wat gehef word en die prestasie van die onderlinge bates of fondse waarin belê word.

Die keuse van die onderlinge batetoewysing en fondse in 'n belegging is 'n omvattende proses wat deur die gekose finansiële adviseur behartig sal word.

Daar is egter drie soorte koste waarna voornemende beleggers moet kyk voordat 'n finale besluit geneem word oor die keuse van 'n finansiële adviseur of produk.

Die eerste koste is dié van die finansiële adviseur, wat meestal onderhandelbaar is en gewoonlik bestaan uit 'n deurlopende bestuurstarief wat maandeliks gehef word.

In uitsonderlike gevalle word daar nog 'n aanvangstarief gehef, maar dié praktyk kry baie kritiek en word nie meer dikwels toegepas nie.

Die tweede koste is dié van die instelling wat die produk huisves. Dit word gewoonlik op 'n glyskaal bereken wat afneem hoe groter die bedrag is wat in die spesifieke beleggingsproduk belê word.

Aangesien die funksie meer administratief van aard is, is dit noodsaaklik dat 'n mens die koste so laag as moontlik kry – maar dit moet gepaardgaan met goeie diens.

Vra dus jou finansiële adviseur om die koste van die verskillende versekeraars of platforms aan jou uit te lig.

Die derde koste is dié van die onderliggende fondse of bates waarin die geld belê word. Maak seker jou finansiële adviseur lig jou in oor wat die koste per fonds is.

Deur na dié drie soorte koste te kyk en dit jaarliks te monitor, sal voornemende beleggers verseker dat hulle opbrengste nie aan buitensporig hoë koste onderworpe is nie.

■ *Borcherds is 'n finansiële beplanner by PSG Konsult.*

# Spesialiste frons oor NGV

Letitia Watson, Kaapstad

Spesialiste wil nie deel wees van 'n eksperiment wat misluk nie, sê dr. Eugene Allers, voorsitter van die Komitee vir Spesialiste in Private Praktyk.

Dokters en spesialiste is nog in die duister oor wat nasionale gesondheidsversekering (NGV) vir hul loopbane en finansies gaan beteken. Dit lyk asof private en openbare gesondheidsorgverskaffers sal moet instem om dienste onder die NGV te verskaf. Hulle sal dan vergoed word volgens 'n tarief waaroor met die staat onderhandel sal word.

Die finansieringsmodel wat tans voorgehou word, is die departement van gesondheid se nasionale verwysingspryslys, oftewel die NHRPL. Volgens Allers word die meeste spesialiste daarvolgens tot 229% onder koste betaal.

"Tans is daar 'n hofsaak aan die gang om die 2009, ja die 2009, NHRPL gepubliseer te kry! As die regering of die departement dit nie in vyf jaar kon regstel terwyl dit een van die ernstige probleme in die private sektor is nie, hoe gaan 'n NGV dit oplos?" vra hy.

"Teen watter vergoeding gaan dienste betaal word as die grondslag onder koste is? G'n onderneming kan onder koste sake doen nie."

Allers meen die fondament moet reg gelê word voordat 'n NGV halsoorkop ingestel word. "Die probleme in die private en openbare gesondheidsorgstelsels moet eers opgelos word. Die NGV sal dit nie oplos nie, dit sal eenvoudig voortleef."

Rolspelers in die bedryf sê die regering se plan om beter gesondheidsdienste vir die groter bevolking meer bekostigbaar te maak, kan nie gekritiseer word nie.

Daar is egter openbare debat nodig oor hoe dit gedoen word en watter plan haalbaar is.

**News article in Sake 24 regarding guest speaker Mike Schussler's address at the group gala evening.**

Geduld
is ons sterkpunt.

Dieselfde sterkpunte waarin ons uitblink, soek ons ook in ons kliënte, vennote en beleggings. Uithouvermoë, vernuf, bekwaamheid en, belangrikste van alles, geduld. Die geduld om jouself tot iets te verbind waarin jy glo en dit deur te voer tot die mees logiese en lonende einde. Die geduld om op die rasionele te konsentreer en die emosionele te ignoreer. En natuurlik die geduld om aan te hou bydra tot ons prestasie van meer as 35 jaar – en selfs langer. **Skakel 0860 000 654 of jou finansiële adviseur, of besoek www.allangray.co.za**

ALLANGRAY
LANGTERMYN BELEGGING

## Our Sponsors

It is also appropriate that we again acknowledge and thank our sponsors who assisted in making the gala evening possible through their support and sponsorships:

Main sponsors of the evening were:

vodacom business

BlackBerry

GLENRAND M·I·B BROKING SERVICES

LABORIE

## Outcomes Achieved

The Phatshoane Henney gala evening for 2009, the highlight of the group annual calendar, lived up to expectations and provided not only for an evening of awards and glamour, but also resulted in a stronger understanding by the media, partners and sponsors of the importance of the group to the South African legal profession and the valuable contribution it has made and will continue to make in future.

For more information about the group or to find out about sponsorship opportunities in respect of the group gala evening for 2010, please contact:

Michelle Jansen
+27 82 420 1690
michelle@phinc.co.za
www.phfirms.co.za





*Sponsors of the group gala evening were afforded the opportunity to indicate their sponsorship of the function via brand promotion on group invitations, programmes and post-event acknowledgement in addition to being afforded the opportunity display corporate branding and brochures at the venue on the evening.*

***Brand marketing opportunities to main sponsors***